

Die Gees as die Asem van God

God se toekoms ... nou!

- “Die Gees is gegee sodat gewone, sterflike mense in ‘n sekere sin kan word wat Jesus ook was, naamlik deel van God se toekoms wat in die hede inbreek en die tempel waar hemel en aarde ontmoet. Ons, gevul met sy Gees, word die manier waarop God sy Koninkryk uitbrei” (NT Wright in “Simply Christian”).
- Dit beteken dat God nie mense sy Gees gee sodat hulle die “geestelike ekwivalent van ‘n dag in Disneyland” kan beleef nie, sê Wright. Ons maak ‘n fout deur God te beperk tot die sogenaamde “bonatuurlike” en dan die werking van sy Gees alleen maar te identifiseer met dit wat wêreldvreemd en magies voorkom.
- Die Gees maak dit moontlik vir mense wat Jesus volg om in die hele wêreld die nuus in te dra dat Hy die Here is, dat die Bose oorwin is en dat sy toekoms aangebreek het. ‘n Nuwe wêreld is oopgebreek en ons is deel daarvan.

Wat sê die Bybel?

Gen 1:2

Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.

Gen 2:7

Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

Eseg 37:14

Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe

Joh. 3:8

Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”

Joh 20:22

Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!”



Die Gees is die Asem van God

- Die Gees is nie 'n onpersoonlike "iets" of "krag" nie. Die Gees is God – sommige sê selfs die Gees is "God die Moeder" wat troos en lei.
- Moet ook nie dink dat jy "al hoe meer van die Gees" moet kry nie. Wie Christus het, het die Gees. Maar die Gees moet wel al hoe meer van my kry.
- Ons leer baie oor die Gees in die eerste woorde van die Bybel. Gees (Hebreeus: *ruah*) beteken ook asem of wind en dui iets sags (dink aan die gladheid van asemhaling) maar ongelooflik kragtigs aan (dink aan die krag van lugdruk).
- Die Asem van God sweef in Genesis 1 oor die chaos (die "woes en leeg") en begin dan opruim. Soos 'n klomp deurmekaar lego-blokkies haal hy uitmekaar wat nie pas nie en sit dit dan opnuut saam om iets te vorm wat mooi en nuttig is.
- Daar is 'n troos hierin. As die wetenskaplikes vir ons sê ons deel 80% van ons genetiese materiaal met 'n piesang of dat die chemikalieë en bietjie water waaruit 'n mens bestaan nie eers 'n R100 sal kos om aan te koop nie, wat maak my regtig mens? Wanneer lewe ek? Wanneer die Gees die bestanddele wat ek is só inmeekaarsit dat ek "aspris begin lewe".
- Ons sê mos ons "blaas lewe" in iets. Ons sê ook ons "vang gees". Maar dis wanneer die Gees van God jón vang dat die lewe begin.
- Die Gees wys jou dat jou lewe nie maar sommer 'n string gebeurtenisse is nie, maar 'n avontuurlike, opwindende storie in God se hande. As jy dit nie besef nie, dan bly dit maar net 'n klomp chaos wat jy

nooit vir die Here gee om iets daarvan te maak nie. Daarsonder is ek maar net 'n gedryfde, gejaagde mens. Ek bly 'n slagoffer van my verlede, my grootword, my omgewing, my oorerflikheid, my angste, vrese en natuurlike behoeftes en dit jaag my. Ek hardloop vreeslik vinnig. Ek is besig. Ek lyk belangrik. Maar wat mense om my nie weet nie, is dat ek besig is om weg te hardloop, ek kyk agtertoe, ek is bang, ek weet nie waarheen ek hardloop nie, solank ek net kan wegkom van die spoke wat my jaag.

Meegesleur in God se werk

- Miskien is ek veronderstel om soos 'n windlaaier te wees wat die asem van God neem en dan sy elektrisiteit vir die wêreld gee. Wat Jesus sonder my toedoen gedoen het (sterf en opstaan vir my en die wêreld se pyn en verlorenheid) doen die Gees saam met my en deur my. Ek mag die Asem van God vir 'n versmorende wêreld gee.
- Die Gees laat my nie net die wêreld sien soos dit is nie. Hy inspireer my (*in-spirare* beteken *breathe or blow into*) om dit te verander en die toekoms van God in te trek in die nou in.

Those in whom the Spirit comes to dwell are to be people who live at the intersection between heaven and earth with their passion for justice, longing for spirituality, hunger for relationship and yearning for beauty.

NT Wright

Some people look at things as they are and ask why? Others look at things that never were and ask why not?

GB Shaw